

# Koel in kant

Brei dié romantiese kanttoppie vir die warm somersdae. Versorg deur Riana van der Merwe

**KOSTE:** Sowat R70,00

**MATE:** Pas borsmaat van 77(82;87-92;97) cm.

Ware grootte: Bors: 90(98;105;113) cm; lengte tot skouer: 48(50;52;54) cm; mounaat: 12 cm.

**BENODIGHEDE:** Pingouin no. 5-hekelgare (50 g-bolle), 8(9;10;11) bolle-blou (kleur nr. 55). Let wel: gare word deurgaans dubbel gebruik; paar elk 3 mm en 3,75 mm-breinaalde; 3 mm-hekelnaald om die hals mee af te werk.

**SPANNING:** 21 ste en 34 rye = 10 x 10 cm oor kantpatroon met 3,75 mm-Ne. Die regte spanning is uiters belangrik; indien daar minder steke in jou toetslappie is, moet dunner, en indien te veel, dikker breinaalde gebruik word.

## AFKORTINGS

### Breiwerk:

alt - alternatiewe  
aw - aweregs  
beg - begin  
gl - glip  
grn - gare rondom breinaald  
gr2tgso - glip st, r2tes, trek glip-steek oor  
g2rtgso - gl vlge 2 ste soos om hulle saam te brei, die volgorde word dus omgekeer; r vlge st, trek albei glipsteke oor gebreide steek en van naald af.  
gv - gare na voor  
herh - herhaal  
ks - koussteek  
N(e) - naald(e)  
oorbl - oorblywende  
pat - patroon  
r - brei regs  
rs - reksteek  
R(V)K - regte (verkeerde)  
kant van werk  
RN - regternaald  
st(e) - steek (steke)  
tes - tesame  
vermeer - vermeerder  
vermin - verminder  
vlg - volgende  
weersk - weerskante

### Hekelwerk:

gs - glipsteek  
kb - kortbeen  
ks - kettingsteek  
lb - langbeen  
grh - gare rondom hekelnaald  
sp - spasies



## STEKE GEBRUIK

### Breiwerk:

Reksteek: r elke ry.

Koussteek: 1 ry r, 1 ry aw.

Kantpatroon, oor veelvoud van 4 ste plus 3 soos volg, 1e ry: r2, \*gv, r3, gv, r1, \*, herh van \* tot \*, eindig met r1.

2e ry: aw.

3e ry: r3, \*g2rtgso, r3, \*, herh van \* tot \*.

4e ry: aw. Dié 4 rye vorm een pat-herhaling.

Let op dat in 3e pat-ry die gr2tgso altyd oor die r3 in die 1e pat-ry en die r3 in die 3e ry altyd oor die 3 ste, gevorm deur die gv, r1, gv in 1e ry, gebrei word.

• Wanneer steke getel word terwyl jy besig is met kantpatroon in 1e en 2 e ry, moenie ste, gevorm deur gv, bytel nie. Sorg moet gedra word om pat korrek te hou gedurende vorming: sien aanwysings vir skouer, nek en moukop.

### Hekelwerk:

Halsrand gehekel oor 'n veelvoud van 3 ste:

1e ry: 3ks = 1lb, \*slaan 2 ste oor, 1lb in vlg st, 2ks (grh, steek hekelnaald in selfde gaatjie as lb, grh, trek lus deur) 3 keer, grh, trek 6 lusse deur, grh, trek oorbl 2 lusse deur\*, herh van \* tot \* soos ry aangaan, mis 2 ste, 1lb in laaste st.

2e ry: \*5ks, 1lb in 2 ks-sp\*, herh van \* tot \*, eindig met 2 ks, 1 lb in 3e van 3 ks aan beg.

3e ry: gl st in 2 ks-sp, \*5ks, 1gs in 3e ks van hekelpen, 2ks, 1lb in middel van 5ks-boog\*, herh van \* tot \*. Die 3 rye vorm pat; om halsrand word 'n ry gs gemaak om 'n basis te vorm. 'n Boog word deur ks gevorm.

### AGTERPANT

Met 3 mm-Ne, stel 95(103;111;119) ste op en brei 4 rye rs. Slaan oor na 3,75 mm-Ne en brei kant-pat soos reeds beskryf.

Gaan voort tot werk sowat 27(28;29;30) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n 4e pat-ry.

### Mousgatvorming:

1e ry: heg 2 ste af, r tot 4 ste op RN oor is, \*gv, r3, gv, r1\*, herh van \* tot \* tot 5 ste oorbly, r5.

2e ry: heg 2 ste af, aw tot einde.

3e ry: heg 2 ste af, r2 (3 ste is nou op RN), gr2tgso, r3\*, herh van \* tot \*, eindig ry met gr2tgso, r5.

4e ry: soos 2e. Herh laaste 4 rye 1(1;2;2) keer - 79(87;87;95) ste. Pat-rye sal korrek pas soos tevore.

Brei voort sonder vorming tot werk sowat 21(22;23;24) cm lank is vanaf basis van mousgate, gemeet op die reguit sy, eindig met 'n 4e pat-ry.

### Skouer- en halsvorming

#### 1E GROOTTE:

1e ry: heg 6 ste af, r tot daar 8 ste op RN is, (gv, r3, gv, r1) 3 keer, r9. Brei voort op groep

ste wat nou oorbly aan einde van naald vir linkeragterpant.

#### Linkerskouer:

2e ry: heg 6 ste af, aw agter tot halsrand.

3e ry: heg 4 ste af, r nog 1 st, (2 ste op RN), (gr2tgso, r3) twee maal, gr2tgso, r5.

4e ry: soos 2e.

5e ry: Heg 4 ste af, r tot einde. Heg af oorbl 6 ste om skouerafskuinsing te voltooi.

#### Voltooi regterskouer:

2e ry: Heg werkdraad weer vas aan halsrand van regter agter steke, heg 4 ste af, aw tot einde.

3e ry: heg 6 ste af, rnog 2 ste (3 ste nou opp RN), gr2tgso, r3, gr2tgso, r2.

4e ry: heg 4 ste af, aw tot einde. Heg oorbl 6 ste af.

#### 2E EN 3E GROOTTES:

1e ry: Heg 6 ste af, r tot dar 8ste oor is op RN, (gv, r3, gv, r1) 2 keer, r6 en laat dié ste van regs agterop naald, heg vlg 31 ste af, brei tot daar 7 ste op RN is, (gv, r3, gv, r1) 3 keer, r oorbl 9 ste.

Brei voort op groep ste wat aan einde van naald oorbly vir linker agterpant.

2e ry: heg 6 ste af, aw terug tot by halsrand.

#### Linkerskouer:

3e ry: heg 4 ste af, r tot daar 4 ste op RN is, (gr2tgso, r3) 2 maal, r6.

4e ry: soos 2e.

5e ry: heg 4 ste af, r tot einde. Heg oorbl 8 ste af.

#### Regterskouer:

2e ry: heg werkdraad aan halsrand van regteragterpant se steke vas, heg 4 ste af, aw tot einde.

3e ry: heg 6 ste af, r nog 2 ste (3 ste op RN), gr2tgso, r3, gr2tgso, r4.

4e ry: heg 4 ste af, aw tot einde. Heg oorbl 8 ste af.

#### 4E GROOTTE:

1e ry: heg 8 ste af, r tot daar 10 ste op RN is, (gv, r3, gv, r1) 2 maal, r6 en laat die ste van regteragterpant op breinaald, heg vlg 31 ste af, r tot 7 ste op RN is, (gv, r3, gv, r1) 4 keer, r9. Brei voort op groep ste aan einde van naald vir agterpant se linkerskouer.

#### Linkerskouer:

2e ry: heg 8 ste af, aw terug tot by halsrand.

3e ry: heg 4 ste af, r tot 4 ste op RN, (gr2tgso, r3) 4 keer.

4e ry: soos 2e.

5e ry: heg 4 ste af, r tot einde. Heg oorbl 8 ste af.

#### Regterskouer:

2e ry: heg werkdraad aan halsrand van regterskouer vas, heg 4 ste af, aw tot einde.

3e ry: heg 8 ste af, r nog 2 ste (3 ste op RN), (gr2tgso, r3) 2 maal, r1.

4e ry: heg 4 ste af, aw tot einde. Heg oorbl 8 ste af.

## VOORPANT

Brei soos agterpant tot werk sowat 34(36;38;40) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n 4e pat-ry.

### Halsvorming

1e ry: r2, (gv, r3, gv, r1), 6(6;6;7) keer, r6(8;8;8) en laat dié ste van linkervoor op reserwe-naald, heg vlg 15(19;19;19) ste af, r tot daar 7(9;9;9) ste op RN oor is, (gv, r3, gv, r1), 6(6;6;7) keer, r1.

Jy het nou 32(34;34;38) ste op RN, gv-lusse uitgesluit; brei voort op die groep ste vir regs voor. Aw 1 ry.

\*\*Dra sorg dat pat korrek bly. Heg 4 ste af aan beg van vlg ry en vlg alt ry, 2 ste aan beg van vlg 3 alt rye.

Brei voort op oorbl 18(20;20;24) ste tot werk so lank is as agterpant van beg tot beg van skouervorming, eindig aan halsrand ná 'n 4e pat-ry.\*\*

1e ry van vlge pat: r1(3;3;), (gv, r3, gv, r1), 2(2;2;3) keer, r9.

### Skouervorming:

heg 6(6;6;8) ste aan beg van vlg ry en vlg alt ry, r1 ry, heg dan oorbl 6(8;8;8) ste af.

## MOUE

Met 3 mm-Ne, stel 67(71;75;79) ste op en brei 4 rye rs. Slaan oor na 3,75 mm-Ne en brei kant-pat. Vermeer 1 st aan weersk van elke 4e pat-ry, 8 keer. Hou ekstra ste in ks tot 4 ste bygevoeg is, neem dit dan in pat op. Brei voort op die 83(87;91;95) ste vir 8 rye sonder vorming, eindig dus met 'n 4e pat-ry.

### Moukopvorming:

Brei die 4 rye gegee vir mousgatvorming 2(2;3;3)keer - 67(71;67;71) ste.

Vlge pat, 1e ry: heg 4 ste af, r tot daar 6 ste oor is op RN, herh van \* tot \* in 1e pat-ry tot ste oorbly, r 5.

2e ry: heg 4 ste af, aw tot einde.

3e ry: heg 4 ste af, r2 (3 ste op RN) herh van \* tot \* in 3e pat-ry.

4e ry: soos 2e. Herh dié 4 rye nog 2 maal. Heg oorbl 19(23;19;23) ste af.

## AFWERKING

Werk regterskouernaat toe. Heg werkdraad aan halsrand van linkerskouer van agterpant en met VK voor, brei 'n ry glijp-steke, eweredig gespasieer oor agter- en voorpanthalsopening: sowat 44(47;47;47) ste aan agterpant en 100(103;103;103) ste aan voorpant - totaal moet deelbaar wees deur 3. Draai en beg aan regterkant. Werk halsrand af volgens pat hierbo aangegee. Heg af.

Werk linkerskouernaat toe, dan punte van halsboord by 1e en 2e rye. Werk moue in mousgate vas en dan mou en synate aan.